

NUWE WEE IN DIE HISTORIESE OPVOEDKUNDE 'N BIBLIOGRAFIESE SKETS

I

Die afgelope dekade (1958—1968) — in teenstelling met die voorafgaande tydperk — het daar op die gebied van die historiese opvoedkunde 'n hele aantal handboeke verskyn wat aan die strengste wetenskaplike eise voldoen en van die hoogste histories-opvoedkundige vakmanskap getuig. In hierdie werke word heeltal weggebreek van die ouere metodes wat veelal gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu in swang was, metodes wat tot gevolg gehad het dat baie van die werke in blote chronologie ontaard het en dus eintlik geen historiese opvoedkunde in die ware sin van die woord was nie.

Die jongste werke bring verfrissende vernuwing in 'n vak wat eintlik nou eers lewend, interessant, lonend en insiggewend word as gevolg van die nuwere perspektiewe, metodes en benaderingswyses.¹

II

Reeds in 1959 het van die bekende Nederlandse opvoedkundige M. J. Langeveld die werkie *Bijdragen tot het gesprek van systeem en historie in de opvoedkunde*² verskyn wat eintlik aan die hand van dieselfde skrywer se *Beknopte Theoretische Pedagogiek*³ bestudeer moet word. Die skrywer stel hom in eersgenoemde werk 'n tweeledige doel voor oë: enersyds, om die leser aan die dink te sit oor 'n aantal grondprobleme van die opvoeding en oor sekere ander kwessies wat die voorwaardes stel vir die suksesvolle verloop van die opvoedingsproses; andersyds, om hierdie probleme nie slegs sisteem-teoreties te ontwikkel nie, maar ook om die leser te laat sien wat andere, diegene wat vroeër eeue geleef het, daarmee gedoen het.

III

In 1947 het John S. Brubacher in sy sedertdien alom bekend geworde en dikwels heruitgegewe *A History of the Problems of Education*⁴ daarop gewys dat hy die materiaal vir die kort geskiedenis van die leerplan wat sy boek bevat, uit 'n wye verskeidenheid van

-
1. Die sketsmatige aantekeninge wat hier volg, is vanselfsprekend geen volledige kritiese besprekings nie — daar word alleen maar 'n poging aangewend om die leser 'n indruk te gee van die aard en inhoud van enkele van die nuut-gekonspieerde werke in en oor die historiese opvoedkunde.
 2. Wolters, Groningen, 1959, 59 pp.
 3. Elfde druk, Wolters, Groningen, 1967.
 4. McGraw-Hill, New York, 1947.

bronne moes put, en bygevoeg: „The history of the theory of curriculum construction has yet to be written”.⁵

In sy breed opgesette werk van bykans vyfhonderd bladsye, nl. *Lehrplan des Abendlandes*,⁶ voldoen Josef Dolch aan die groot behoefte wat daar deur die jare al sterker gevoel is aan 'n studie van dié aard. Eintlik is dit meer as 'n blote teksboek wat oor een aspek van die historiese opvoedkunde handel: dis 'n volwaardige naslaanwerk oor die teorie en praktyk van leerplansamestelling deur die verloop van die eeue. Daarby gaan die werk vergesel van 'n uitnemende bronne-opgawe en persoonsregister, terwyl die saakregister as 'n voorbeeld vir enige skrywer van 'n naslaanwerk kan dien.

IV

Ernst Lichtenstein sien in sy werk *Bildungsgeschichtliche Perspektiven*⁷ die historiese opvoedkunde nie as 'n aaneenskakeling van pedagogiese teorieë nie, maar as vormingsgeskiedenis, en hy verskaf dan vanuit historiese, germanistiese, filosofiese en teologiese oogpunte, boustene vir 'n sodange vormingsgeskiedenis.

Die eerste deel (*Glaube und Bildung*) behandel temas, eintlik as voorbeelde bedoel, soos die intrede van die christendom in die westerse wêreld, die oerchristendom en die opvoedingsgedagte, die logos as pedagoog, die eksistensialisme in die geloofskrisis, en so meer. In die tweede gedeelte (*Bildung als geschichtliche Begegnung*) word onderwerpe soos vorming deur wetenskap as probleem, die sin van die opvoedingsituasie, ens. behandel.

Wat hierdie skynbaar heterogene temareeks tot 'n hegte eenheid saambind, is die vormingsgeskiedkundige motief. In teenstelling met 'n abstrakte „probleemgeskiedenis” wat antwoorde verlang van die geskiedenis op 'n steeds identiese vraag, beskryf Lichtenstein as voorbeeld sekere oorsprongssituasies van die vormingsprobleem self. Sulke situasies is steeds tegelykertyd situasies van „historiese ontmoeting” en kan eers as sodanig aanskoulik en konkreet waarneembaar word. Die vrugbare dog spanningsvolle ontmoeting tussen die christelike geloof en die humanistiese vormingsidee vanaf die tyd van die oerchristendom tot op die huidige vorm die swaartepunt in dié werk.

5. Vgl. bibliografiese kommentaar, p. 655.

6. Eerste druk, 1959; tweede druk, A. Henn, Ratingen, 1965.

7. E. Lichtenstein, *Bildungsgeschichtliche Perspektiven. Glaube und Bildung Bildung als geschichtliche Begegnung*. (A. Henn, Ratingen, 1962, 187 pp.).

V

Belangwekkende navorsing is gedurende die afgelope dekade gedoen oor die geskiedenis van die kinder- en jeugleefstyl as vertakking van die opvoedkundige historiografie.

Philippe Ariès se *Centuries of Childhood*⁸ gee die leser 'n uitstekende insig in die ontwikkeling van die beeld van die kind vanaf ongeveer die 14de tot die einde van die 18de eeu. Die eerste afdeling van die boek ondersoek die geleidelike verandering wat daar in die middeleeuse opvatting gekom het as sou kinders klein volwassenes wees sodra hul uit die wieg is, totdat die besef in die 17de en 18de eeue deurgebreek het dat die kind die fokuspunt van die gesinslewe is, 'n wese met 'n eie persoonlikheid en besondere eienaardighede. Hierdie besef het op sy beurt geleidelik daartoe meegewerk dat die argaïese promiskuiteit van die verskillende leeftye beëindig is en die weg gebaan is vir die moderne indeling in ouderdomsgroepe.

In die tweede afdeling onderneem die skrywer 'n historiese ondersoek na die skoollewe van die kind en die ewolusie van moderne opvoedkundige metodes, waardeur die duur van die kindskap verleng is tot op 'n tydstop wat gedurende die middeleeue ondenkbaar sou ge-wees het.

In die laaste afdeling word aandag geskenk aan die veranderinge wat daar gekom het in die familiekring waar alles eers oop en publiek was en kinders vryelik met die ouers in die sosiale lewe van die groep gemeng het, tot die tydperk toe die familie 'n geslote en private gemeenskap geword het waarin die kind 'n unieke en belangrike status beklee het.

In 'n bespreking van hierdie werk in die herfsnommer, 1967, van die *History of Education Quarterly* (New York)⁹ sê Irene Q. Brown van Harvard Universiteit: „The total effect produced by Ariès' sensitive and probing treatment is one of great immediacy, of an actual, lively world in the past that has been very much neglected”.

Eindelik dien opgemerk te word dat aangesien Ariès geweldig baie van sy materiaal aan die ikonografie ontleen, die werk 'n skat van historiese afdrucke — meestal ou meesterwerke oor die kind in die gesin — bevat wat die ontwikkeling van die gedagte van kindskap uitnemend illustreer.

8. Oorspronklik titel: *L'Enfant et la vie familiale sous l'ancien régime*, 1960; vertaling uit die Frans deur R. Baldick. (Jonathan Cape, Londen, 1962, 447 pp.)

9. Vol VII, nr. 3, p. 357 et seq.

Nog 'n werk wat oor bogenoemde tema handel is H. H. Muchow se *Jugend und Zeitgeist*.¹⁰ In hierdie studie stel die skrywer hom ten doel om 'n „morfologie van die kulturele puberteit” te ontwerp, d.w.s. 'n leer handelende oor die gestalte en die verandering in die gestalte van jeugdige menswees.

Die eerste afdeling verskaf 'n beeld van die jeuggenerasies in 1770, in 1790 en gedurende die tydperk 1806 tot 1813, en indien 'n vroeëre werk¹¹ van dieselfde skrywer saam met die onderhawige werk bestudeer word, het die student 'n ervaringsbasis wat ten grondslag lê aan die beeld van 'n agttal jeuggeslagte. Uit hierdie materiaal kan dan 'n kulturele puberteitsmorfologie saamgestel word.

Juis oor dié tema word in die tweede afdeling van Muchow se boek gehandel. Daarin word naamlik gepoog om die wesenlike strukturelemente van jongmens-wees in die „groot epog” 1770 tot 1920 aan te dui, die variasies daarin sigbaar te maak, die variasie-reëls te bepaal en ten slotte die invariante, ewige wesenstrekke van jeugdige menswees te verklaar en te beskryf.

In sy opstel *Vorgeschichte unseres heutigen Kindes vom Kinde*¹² poog M. J. Langeveld om die invloede na te speur wat die geskiedenis van die kinderleef tyd gedurende die laaste 200 jaar behaal het. Hy beskou die erkenning en respektering van die regte van die kind as iets wat voortdurend bedreig word en daarom steeds weer opnuut verwerf moet word; ook toon hy enkele van die weë en dwaalweë wat tot ons huidige voorstelling van die kind gelei het. Die besondere betekenis van Langeveld se skets is daarin geleë dat dit die historiese opvoedkundige daarop attent maak hoe heterogeen die kragte en impulse is wat aan die profilerings van die kinderleef tyd meegewerk het.

Nog 'n werk wat oor die geskiedenis van die jeug handel, is dié een van Ruth Dirx: *Das Kind — das unbekannte Wesen*,¹³ waarin, benevens sosiologie en pedagogiek, die historiese beskouing van die kind op die voorgrond geplaas word. In die geskiedenis van die kind sien die skryfster voor alles die proses van sy bevryding uit velerlei

-
10. H. H. Muchow, *Jugend und Zeitgeist. Morphologie der Kulturpubertät*, (Eerste druk, 1962; derde druk, Rowohlt, Reinbek, 1966, 267 pp.).
 11. H. H. Muchow, *Sexualreife und Sozialstruktur der Jugend*, (tweede verbeterde uitgawe, Rowohlt, Hamburg, 1959).
 12. M. J. Langeveld, *Die Vorgeschichte unseres heutigen Kindes vom Kinde*, in *Studien zur Anthropologie des Kindes*. (Tweede uitgebreide uitgawe, Niemeyer, Tübingen, 1964, pp. 9—39).
 13. R. Dirx, *Das Kind — das unbekannte Wesen. Geschichte, Soziologie, Pädagogik*. (Das moderne Sachbuch, vol 24, Von Schröder, Hamburg, 1964, 343 pp.)

bande. Slegs baie langsaam het daar verandering gekom in die innerlike betekenis van die feit dat die kind sy ouers toebehoort: uit die opvatting dat die kind 'n besitting is waarmee na goeddunke gehandel kan word, het in die loop van die eeue die insig ontwikkel dat die kind 'n appèl daarstel aan die helpende en beskuttende teenwoordigheid van die volwassene, 'n teenwoordigheid wat aan die kind die onontbeerlike vertrouwe en geborgenheid verskaf.

Die werk is allervoortrefliks geïllustreer met 'n rykdom van hoogstaande afbeeldingsmateriaal soos mens dit slegs baie selde teëkom.

In die reeks *Anthropologie und Erziehung* het ook Walter Hornstein 'n werk oor die geskiedenis van die jeug die lig laat sien, nl. *Vom „jungen Herrn“ zum „hoffnungsvollen Jüngling.“* Volgens skrywer het die diepgaande veranderinge in die begrip van die mens as lewende wese wat in die 18de eeu die begin van die moderne wêreld aandui, ook ten opsigte van die jeuglewe 'n nuwe situasie geskep. Die daarmee saamhangende veranderinge in die openbaringsbeeld van die jeug, asook die ingesteldheid van die volwassene teenoor die jongmens, vorm die onderwerp van hierdie studie. Daar word gepoog om 'n ontwikkelingslyn aan te dui wat strek van die adellikhofse lewenssfeer van die 17de eeu tot die nuwe lewensmoontlikhede van die jeug in die burgerlik-verligte wêreld van die 18de eeu en die eise waarmee hulle hier gekonfronteer word. Hierdie epog het ook die empiriese studie van die jeug ingelui en die insig gebring dat die volwassewording onder die nuwe omstandighede slegs moontlik is in die deurgang deur 'n eie „jeugwêreld“.

Hornstein wys egter baie pertinent daarop dat die eintlike „ontdekking“ van die jeug, wat tot die groot en blywende geestelike prestasies van die 18de eeu behoort, sy wortels het in die oorspronklike pedagogiese belangstelling wat hierdie eeu in die jeug gekoester het.

Die besondere betekenis van die werk is hierin geleë: 'n begrip van die verbande waarbinne die historiese gestaltewisseling van die jeug verstaan moet word, asook 'n insig in die rykgeskakeerdheid van die daarmee verbonde pedagogiese vrae, maak nie alleen 'n beter begrip van die teenswoordige jeug moontlik nie, maar lewer ook 'n bydrae tot die kultuurantropologiese besinning oor die wisseling in die voorkoms van die menslike.

14. W. Hornstein, *Vom „jungen Herrn“ zum „hoffnungsvollen Jüngling“*. *Wandlungen des Jugendlebens im 18. Jahrhundert*. (Quelle & Meyer, Heidelberg, 1965, 268 pp.)

*In sy Jugend in Ihrer Zeit*¹⁵ gee Hornstein nog 'n breër uiteensetting van dieselfde algemene tema waarmee die bogenoemde vyf werke hul besig hou. Die uitgangspunt van die skrywer is die sienswyse dat die jeug van vandag en deur die eeue heen nog altyd die resultaat is van maatskaplike kragte. Op hierdie—vir die geskiedenis en vir die teenswoordige ewe betekenisvolle—noot begin die boek. Aan die hand van voorbeelde uit die vroeëre, eenvoudiger kulture word dan aangetoon dat verskillende maatskaplike verhoudinge telkens ander vorme van die jeugleefyd tevoorskyn bring. In dié verband verskaf die werk grondliggende insigte ten opsigte van die verband tussen jeug andersyds.

Veral die ontwikkelingsgeskiedenis van die moderne jeugproblematiek word besonderlik beklemtoon. Daar word aangetoon dat die integrasie van die jeug in die samelewing steeds moeiliker word hoe meer laasgenoemde sig differensieer en win aan mobiliteit, dinamiek en openheid. Die mensheid kan homself slegs dan op humane wyse verder ontwikkel — dit is een van die belangrikste gevolgtrekkings waartoe die skrywer kom — as hy bereid is om baie meer as wat tot nou toe die geval was, verantwoordelikheid vir die jongmens te aanvaar en sy opvoedkundige energie te benut.

VI

In sy *Bildungsgeschichte als Kulturgeschichte*¹⁶ stel Hans Michael Elzer hom op die standpunt dat die pedagogiek uit 'n driedelige aandrift voortspruit en dat elkeen wat hom teoreties of prakties, sistematies of histories daarmee bemoei, kennis moet neem en die werking moet probeer aantoon van hierdie drie motiewe in die pedagogiese denke en handeling:

1. Die pedagogiek kan verstaan word as lewenshulp aan die kind, die jeugdige of die volwassene; hierdie motief is sielversorgend van aard en spruit voort uit die religieuse dimensie van die syn.

2. Nog 'n aandrift is die besef dat die maatskaplik-historiese ontwikkelingsproses sonder die pedagogiese ondenkbaar is. Die in-

15. W. Hornstein, *Jugend in Ihrer Zeit. Geschichte und Lebensformen des jungen Menschen in der europäischen Welt.* (Von Schröder, Hamburg, 1962, 384 pp.)
16. H. M. Elzer, *Bildungsgeschichte als Kulturgeschichte. Eine Einführung in die historische Pädagogik.* (Band 1: Von der Antike bis zur Renaissance, A. Henn, Ratingen, 1965, 1965, 170 pp.).

diwidu moet tot die hoogs moontlike status van natuurlike menslikheid gevoer word, al sy moontlikhede moet vervolmaak word, want die sosiale ontwikkeling, die heerskappy oor die geskiedenis — ja, die begin van die eintlike mensheidsgeskiedenis — hang af van pedagogiese voorveronderstellinge en opvoedkundig-vormende prestasies. Hierdie motief is rasioneel van aard, dit spruit uit die werking van die verstand.

3. Die geesteswetenskappe — by name die wysbegeerte met sy nuwe eksistensialisme en fundamentele outologie — maak in ons tyd 'n steeds ingrypende studie van die mens. Al dringender word vrae oor die eie syn en oor die mens in die algemeen gevra, en hierdie vrae dwing weer tot verdere bevraging. So kom die vraag aangaande ons kultuur en ons aanwesigheid daarin. Daarmee is die historiese, die kultuurfilosofiese, die antropologiese en die pedagogiese bevra en daarmee is 'n derde dryfveer ten opsigte van die beoefening van die pedagogiek gegee.

In bogenoemde werk poog Elzer om die werking van hierdie drie dryfvere in die ontwikkeling van opvoeding en onderwys deur die jare onder die soeklik te plaas.

VII

Een van die skitterendste moderne werke op die gebied van die historiese opvoedkunde is Wilhelm Flitner se *Geschichte der abend-ländischen Lebensformen*,¹⁷ 'n studie wat net soos die meeste bogenoemde werke, uit 'n geheel nuwe gesigspunt geskryf is. Dit handel nie oor die geskiedenis van die opvoedkundige denke en praktyk nie, nog oor die universele kultuurgeskiedenis, die spesifieke sedegeskiedenis of die geskiedenis van die etiek. Wel handel dit oor die etos of lewensbeginsels self, oor die aktief werkende norme in die westerse wêreld. Dit gaan hier oor die eise wat die mensdom in hul gedrag slyn teenoor mekaar stel, asook die eise wat hul aan hulself stel; dit gaan oor die noukeurige nakoming van die gedragsreëls wat die mens in elke lewensfeer van mekaar eis.

In hierdie studie word egter alleen aandag geskenk aan die lewensvorme wat oor lang tydperke gegeld en in die Europese kultuurkring as lewende normstrukture aktief werkzaam was. Sodoende kom aan die lig die groot etiese impulse wat op die geesteslewe ingewerk en tot die sosiale lewe deurgedring het. Volgens Flitner is die pedagogiek van hierdie historiese dimensie afhanklik as dit vir hom-

17. Piper, München, 1967, 368 pp.

self rekenskap wil gee van die teenswoordige opvoedingsverhoudinge en van toekomsgerigte take.

Die grondgedagte van hierdie werk is die vraag of die kern van die normgestaltes wat vroeër ontwikkel het nog krag besit om saam te werk aan die vorming van die nuwe wêreld van die industriële epog. Verder die vraag of nuwe indrukke uit die ou impulse gebou kan word, en of die voorlopers van sulke gestaltes reeds te sien is. Op albei hierdie vrae gee Flitner 'n bevestigende antwoord.

Hierdie werk toon dus baie duidelik dat die historiese opvoedkunde, so gesien, soos geen ander wetenskap nie die materiaal te bied het vir 'n fenomenologiese analise van toekomsswangere pedagogiese impulse.

VIII

Die enkele werke wat hierbo genoem is, bring reeds ingrypende vernuwing in die opvoedkunde en verskaf die boustene vir die ontwikkeling van 'n geheel nuwe wetenskaplik gefundeerde historiese opvoedkunde. Hierdie werke lewer die bewys dat die moderne historiese opvoedkunde in die toekoms sy plek meer as sal kan volstaan as deeldisipline van die opvoedkunde as wetenskap, sowel wat betref die akademiese as die professionele studie daarvan.

Prof. I. S. J. Venter.